NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

# blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 1

15 Januarie 2026

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Here, gee ons meer geloof

**2026 het ons elkeen se lewe ingeval. Nog 'n jaar wat suiwer genade uit God se hand is. 'n Jaar vol uitdagings en geleenthede, maar tegelyk kommer en besorgdheid. Wat en waarvan het u en ek elkeen meer nodig? Jesus se woorde in Lukas 17: 1 tot 10 is vir ons elkeen tot bemoediging en begeleiding.**

Vir moeilikheid sal niemand van ons vra nie, dit gaan in elk geval op een of ander manier op ons elkeen se pad kom. Dit kan ook kwalik anders, want Jesus sê in Lukas 17: 1 (AFR2020): *Dit is onvermydelik dat daar struikelblokke kom, ...* Wát daardie struikelblokke is en gaan wees, weet ons nie, en dis waarskynlik goed so. Wees gewaarsku sê Jesus, ellende wag vir die een deur wie die struikelblokke kom, want hy of sy gaan die een wees wat ander laat struikel en die gevolge daarvan gaan soos 'n meulsteen om sy of haar nek hang. Wanneer Jesus verder praat, noem Hy een saak wat vir elkeen van ons moeilik is: vergifnis. Wanneer iemand na aan jou, ja selfs jou broer, verkeerd optree moet jy hom berispe. Dit mag nie net maar verbygaan nie. As hy berou het, moet jy vergewe. Asof dit nie moeilik genoeg is om dit een keer te doen nie, moet jy gereed wees dat dit sewe maal op een dag kan gebeur. Hiermee gebruik Jesus die voorbeeld van bereidheid tot vergifnis as een van die uitkomste wanneer struikelblokke op jou pad kom.

Die apostels se bede hierop is 'n oproep tot Jesus: *Gee ons meer geloof*. Geen beskuldiging teen die broer wat struikel nie, geen verskoning dat vergifnis onmoontlik is nie. Eenvoudig 'n opregte bede tot meer geloof. Die afloop is Jesus se woorde dat geloof soos 'n mosterdsaadjie is en die oënskynlik onmoontlike kan regkry en figuurlik enige berg kan oorkom. Die les van die vertelling in Lukas 17 is dat sodanige optrede slegs haalbaar is wanneer jy bereid is tot volle diensbaarheid. Soos 'n slaaf na 'n dag se harde werk eers sy eienaar versorg voordat hyself kan gaan eet en rus, so moet die gelowige na 'n dag se werk kan sê: *Ons het net gedoen wat ons moes doen.*

Wat en waarvan het u en ek meer nodig vir 2026? *Meer geloof* beteken nie groter of sterker geloof nie. Die verwysing na die mosterdsaad wil verduidelik dat dit oor geloof as gawe gaan, geloof wat getrou is aan die aard van geloof wat groei tot iets groter. Vir u en my as kinders van God beteken dit dat geloof iets kan begin wat vir die mense onmoontlik of selfs dwaas lyk, en dit tog oorwinnend tot uitvoering bring. Die Matteus-weergawe van dié vertelling sê: *Niks sal vir julle onmoontlik wees nie*.

Mag diensbaarheid u en my lewe gedurende 2026 kenmerk. Diensbaarheid aan God, my naaste en in die gemeente waar die Here u en my geroep het. Mag ons die gewoonte om te verskuif en te blameer, afleer en verantwoordelikheid aanvaar om te wees wie die Here ons gemaak het – gelowiges wat in afhanklikheid van die Here doen wat ons moet doen. Ons begin by die sirkel wat ons met 'n uitgestrekte arm om onsself trek en is bereid en gereed om met *meer geloof* te leef. Die leuse van my hoërskool spring voor my op: *Eundo crescimus* – Algaande groei ons! Die stamwoord *cresco* beteken om te groei, om uit te staan, om sigbaar te wees.

Mag 2026 vir u en my en elke gemeente 'n jaar van *meer geloof* wees!

**Ds Leon Geel (sr)**
**Grimbeekpark**

# Lief en leed




Prof Ananda Geyser-Fouche



Prof Tanya van Wyk



Oom David van der Merwe



Tannie Malie Manders

- **Proff Ananda Geyser-Fouche** en **Tanya van Wyk** is beide tydens die Fakulteit Teologie en Religie se funksie op 1 Desember 2025 vereer. Hulle het beide toekennings ontvang vir erkenning van hul uitstaande navorsingsuitsette.

- Die Kerk betuig haar simpatie met **di Hannes van der Merwe** (Pretoria-Oos) en **Jimmy Manders** (Witfontein) met die afsterwe van 'n ouer. **Oom David van der Merwe** is op 24 Desember 2025 oorlede en **tannie Malie Manders** op 4 Januarie. Mag Ons Hemelse Vader julle in hierdie moeilike tyd dra.

- Die volgende predikante vier vanjaar **ampsjubileums**. (Indien ons iemand uitgelaat het, moet u asseblief vir mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** laat weet.)

  **25-jaar-jubileum**

  - Ds TF Dreyer – Wapadrant
  - Ds A Geyer – Kempton Park-Oos
  - Ds JJ Greyling – Morgenzon/Bethal
  - Ds HP Meyer – Carletonville
  - Ds A Oberholzer – Witbank-Noord
  - Ds GPJ Stoltz – Diakonaat/Westonaria
  - Ds CM van der Merwe – Hartebeespoort

  **50-jaar-jubileum**

  - Ds HPF Kern – emeritus
  - Ds PJO Pretorius – emeritus
  - Ds GSC Scheepers – emeritus

  **60-jaar-jubileum**

  - Prof MJ du P Beukes – emeritus
  - Ds CJA Simpson – emeritus

  **70-jaar-jubileum**

  - Dr CJ Viljoen – emeritus

- **Die volgende predikante verjaar tot 23 Januarie en word hartlik geluk gewens:**

  - Woensdag 14 Januarie: Di J (Japie) Coetzee (emeritus), en CJA (Tony) Simpson (emeritus)
  - Donderdag 15 Januarie: Di W (Werner) Olivier (siekte-emeritaat), en GJC (Chris) Schoeman (emeritus)
  - Saterdag 17 Januarie: Ds CJ (CJ) van Wyk (Alberton)
  - Maandag 19 Januarie: Di IM (Retha) Losper (Suidoos-Witbank), C (Christo Pieterse (Losberg) en MJ (Martin) Slabbert (Philadelphia)
  - Woensdag 21 Januarie: Ds GS (Stephen) de Beer (emeritus/Noordwestelike Pretoria) en dr J (Johan) Nel (Bloemfontein-Wes/dosent)
  - Donderdag 22 Januarie: Ds WJ (Willem) Slabbert (emeritus)
  - Vrydag 23 Januarie: Dr WC (Wouter) van Wyk (Sinodaal)

# Gemeentes en bediening

- **Ds D (Denise) Schmidt** (Jeffreysbaai en Port Elizabeth) het 'n beroep na **Dolfynkus** ontvang. Sy het die beroep aanvaar en sal op **8 Februarie** in die gemeente bevestig word.

- **Ds L (Leon) Geel (sr)** (Grimbeekpark) het die beroep na **Midstream Familiekerk** (deeltyds) aanvaar. Hy sal op **1 Maart** in die gemeente bevestig word.

- **Ds WJM (Willem) Breytenbach** (emeritus) het 'n beroep na Panorama (deeltyds) ontvang. Hy het die beroep aanvaar.

- **Ds L (Leon) Geel (jr)** (Midstream Familiekerk) het 'n beroep na Grimbeekpark ontvang. Hy het die beroep bedank.

## Vergaderings

| | |
|---|---|
| • Woensdag 14 tot Vrydag16 Januarie: | Bosberaad van die Kommissie van die AKV |
| • Maandag 19 Januarie: | Bestuurskomitee |
| • Dinsdag 20 Januarie: | Amptelike opening van die Sinodale Dienssentrum |
| • Vrydag 23 Januarie: | Beleggingskomitee |

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **18 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Hein Delport** wat ook die verwelkoming sal behartig. Die sprekers tydens die geleentheid is **drr Antionette Janse van Rensburg en Robert van Niekerk**. **Prof Jaco Beyers** en **dr Thinus van Staden** sal groeteboodskappe **namens die Fakulteit en die Kuratorium** lewer. Verversings sal na verrigtinge in die saal bedien word. Alle belangstellendes is welkom.

## Kerklike en ander publikasies









- In die **November/Desember 2025-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** sluit ons die jaar af met **Mari-lizé Beukes**, voorsitter NHSV Hoofbestuur, se redaksionele bydrae: *Herinnering aan die Groot Geskenk.* Die kollig in hierdie uitgawe val op twee NHSV streekbyeenkomste en drie damesoggende. **Trudie Joubert**, streekvoorsitter NHSV Noord-Transvaalstreek, deel al die opgewondenheid van hul streek se gesellige saamkuier in egte Bosveldstyl te Polokwane. **Sonet Benson**, streekvoorsitter NHSV Vaalrivierstreek, brei uit oor al die hartlikheid van hul streek se damesoggend aangebied by Gemeente Deo Volente te Sasolburg. **Edna Ras,** NHSV streekvoorsitter Oos-Rand, lig hoogtepunte uit van Gemeente Nigel se suksesvolle damesoggend vol lag, liefde en feestelike kos. **Christie Bloem,** voorsitter NHSV Weskus, vertel van Gemeente Weskus se Dankbaarheidsfees en hul feestelike samesyn. **Dàlene Pieterse,** NHSV streekvoorsitter Natalstreek, gee vir ons 'n kykie in Gemeente Laer Suidkus se Vrouedagontbyt ter viering van vroue se baanbrekerswerk met gemeenskapsdiens. **Emmé van Niekerk** benadruk die werk van 'n arbeidsterapeut met ons in deel 3 van haar reeks in *Dink oor wat jy dink.* **Ds Leon Durie** verwys na FEBA Radio se stemme wat hoop bring waar die evangelie nog onbekend is in *Vrede wat nie kan swyg nie.* **Tessa Oppermann,** Gemeente Rooihuiskraal, bied taalwenke aan in deel 2 van haar reeks *Praktiese Afrikaans*. Volg die skakel ***hier*** na ons NHSV publikasies.










- Die **Kerkkalender vir 2026** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.

## ’n Gedig

God van ons verlede,
U skep ook ons hede.
U laat ons weer nuut begin,
loop voor ons die toekoms in,
lei ons in u vrede.

Uit: VONKK 16

## Fondsinsamelings en Kerksake




- **Gemeente Parys** bied aan**: Drie van die Bestes** op Saterdag **28 Maart** om 18:30 vir 19:00 teen slegs R250 per persoon. Kleredrag is semi-formeel. Dit word aangebied by NG Kerk Vredefort. **Kontak asseblief 075 235 7914 vir meer inligting en besprekings.**




## Studentesake

- **NHSV Studieleningsfonds 2026:** Die NHSV Hoofbestuur beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs studente van die NHKA kwalifiseer vir hierdie toekennings. Die **voltooide aansoekvorm moet teen 15 Januarie 2026 per e-pos gestuur word** aan me Rozelda Nel by die NHSV kantoor: **admin@nhsv.org.za** Die aansoekvorms en besonderhede is ***hier*** beskikbaar. Die NHSV Hoofbestuur sal dit waardeer indien u hierdie inligting ook in u gemeentes kan versprei. Gedurende 2025 is R572 000 aan 39 Hervormde studente oorbetaal vir tersiêre studies in verskeie rigtings. Baie dankie aan gemeentes wat met 9 Februarie 2025 se spesiale deurkollekte vir die NHSV Studieleningsfonds ’n finansiële bydrae gelewer het om hierdie fonds te kan versterk. ’n Bedrag van R149 904.36 is tydens 2025 deur middel van deurkollekte ontvang.


- **Kom jy in 2026 in Pretoria swot?** Ons het net die ding vir jou! Die inskrywings vir Eerstejaarskamp 2026 is oop! **Gemeente Philadelphia** en Gereformeerde Kerk Gemeente Brooklyn kamp van **18 tot 22 Januarie 2026** saam. So sit dit in jou kalender en laat weet almal wat jy ken, want jy wil nie die kamp waarvan almal praat mis nie. Skryf sommer ***hier*** in op die skakel of gaan kyk gerus ***hier*** op ons webblad en ***hier*** op ons linktree as jy nog meer inligting oor die kamp wil hê. **WhatsApp vir At** by 064 272 169 as jy meer vrae het.




- **Kougom 2026** word vanaf **23 tot 26 Januarie** deur Waypoint-Studentebediening in **Bloemfontein** vir alle **eerstejaar- en voorgraadse studente** by Retief kampeerterrein in Bloemfontein aangebied. Die kostes is R990 per kampeerder. Jy kan ***hier*** meer inligting verkry en ook aanlyn registreer.




## Toerusting



# Barmhartigheid

ONS TUIS
otmt

- Opskud! **Ons Tuis** se **Woeker en Werk-tuinekompetisie** se inskrywings sluit op **30 Januarie**. Alle aftreeoorde, versorgingsoorde, bejaarde residensiële fasiliteite en ouetehuise word uitgenooi om hulle spogtuine in te skryf. Besoek ons webblad ***hier*** vir meer inligting en om jou inskrywing te laai.

- **Machteld Postmus** te **Brooklyn** het tans eenhede beskikbaar in 'n rustige omgewing naby 'n winkelsentrum en kliniek.
    - Kamerfasiliteit beskikbaar by Riekie Boshoff teen R3 991 per maand.
    - Johannes Postmus: Eenmanwoonstel teen R4 641 en eenslaapkamerwoonstel teen R6 363 per maand.
    - Tweeslaapkamereenheid te koop teen R1 232 000 by Machteld Postmus.

    Indien u belangstel om meer uit te vind of te besigtig, skakel **suster Sonja Stander** by **012 346 2418**.

- **Seniordal Aftree-Oord** is die eiendom van die NHKA se Gemeente Pretoria en spesialiseer in lewenregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar.

    Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur veiligheidsdienste en toegangsbeheer en bestaan uit die volgende woonstelle:

    **Te koop:**
    - 1 Slaapkamer : R515 000.00
    - 1 ½ Slaapkamer : R520 000.00
    - 2 Slaapkamer : R560 000.00

    **Te huur:**
    - 1 ½ Slaapkamer : R6 800 per maand
    - 2 Slaapkamer : R7 960 per maand

    Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 weeksdae (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

    **Oornagfasiliteite:**
    Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, wat dokters moet besoek of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit.

    Vir navrae oor tariewe en besprekings kan u vir Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318 (Maandae-Vrydae) of na-ure by 083 308 0520 kontak.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. 'n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur-mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Vader,
U is die lig van die wêreld.
Deur U wandel ek nie meer in die duisternis nie,
maar in u lig.
Mag my lewe u waarheid weerspieël,
ander na U wys en u Naam verheerlik.
Gee my die krag en moed om die hoop wat ek in U het te deel.
Hierdie wêreld is gebroke,
maar U maak wat stukkend is weer heel.
Nader hierdie jaar tot die verlorenes,
die eensames en die wat seer het.
Nader asseblief ook tot my.
Mag u liefde ons bymekaar bring, verdeeldheid herstel
en u wêreldwye kerk verenig.
Wat hierdie jaar ook al inhou,
U is getrou en u beloftes is waar.
Dankie vir die ewige hoop wat ek in U het.
In die Naam van Jesus.
Amen.

https://blog.youversion.com/af_ZA/2023/01/n-gebed-vir-n-nuwe-jaar/



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteurs: Di Etienne Fourie en Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger